GO GEORGE

RITRAAD #1
van die GO GEORGE-SPAN

Baie dankie dat u die GO GEORGE-busdiens gebruik wat vanaf 2 Mei 2015 op toetsroetes in Pacaltsdorp loop. Ons het reeds 70 000 mense sedert die begin van die nuwe roetes vervoer, en is sedertdien deurlopend besig om verbeteringe aan te bring op grond van die terugvoer wat ons van u ontvang. Ons vra verskoning vir enige ongerief tydens hierdie toetsperiode en wil u aanmoedig om asseblief u terugvoer, voorkeure en versoeke aan ons te kommunikeer – dit help ons om die stelsel te verbeter en die beste moontlike openbare vervoerdiens vir passasiers te bied. Die volgende roete-aanpassings word op 31 Mei 2015 geïmplementeer en verskil van die aanvanklike roetegids wat versprei is:

Roete 1A New Dawn Park – Sakekern
Roete 1AR Sakekern – New Dawn Park

Die bus sal deur Pacaltsdorp ry van die Protea-terminus (oorkant HyperSave), deur New Dawn Park, via die Mission/East-bushalte, verby die verkeersdepartement en kliniek op pad na Beachweg, en tot in die Sakekern (Cradockstraat). Die roete terug vanaf Sakekern (Cradockstraat) word bepaal deur die tyd van die dag.
Voor 12:00 ry die bus direk terug na die Protea-terminus via Missionstraat (Roete 1CR).
Na 12:00 sal die bus vanaf die sakekern deur New Dawn Park ry, en dan via Missionstraat na die Protea-terminus (Roete 1AR).

Gereeldheid van ritte op Roete 1A
Weeksdae van 06:00 tot 08:00 en 16:30 tot 18:30 sal daar ongeveer elke 5 minute 'n bus vertrek. Die res van die dag sal daar elke 15 tot 30 minute 'n bus wees van 05:30 tot 23:00.
Saterdae sal daar elke 15 minute 'n bus wees van 05:30 tot 06:00 en van 06:00 tot 16:00 elke 10 minute. Na 16:00 sal busse ongeveer elke 30 minute vertrek.
Sondae sal daar elke 15 minute 'n bus wees van 05:30 tot 16:00.
Na 16:00 sal daar ongeveer elke 30 minute 'n bus vertrek.

Roete 1B Protea - Harmony Park - Europe – Sakekern
Roete 1BR Sakekern - Europe – Harmony Park - Protea

Die bus vertrek vanaf die Protea-terminus en beweeg met Hibiscusstraat (in Seaview) af, deur Harmony Park, met Rosestraat via Haydn- en Heatherstraat langs na Beachweg. Neem asseblief kennis dat die Back-bushalte vervang word deur die Haydn-bushalte. Uit Beachweg gaan die bus Europe binne by Brown's (Beukesstraat), en beweeg na die Sakekern (Cradockstraat) via Cantleystraat, en dan Beachweg. Vir die terugrit, sien Roete 1CR.

Gereeldheid van ritte op Roete 1B
Weeksdae van 05:30 tot 10:00 en 15:00 tot 18:30 sal daar elke 15 minute 'n bus vertrek. Die res van die dag sal daar elke 20 tot 30 minute 'n bus wees.
Saterdae sal daar elke 15 minute 'n bus wees van 05:30 tot 16:00.
Na 16:00 sal busse ongeveer elke 30 minute vertrek.
Sondae sal daar elke 20 minute 'n bus wees van 06:00 tot 16:00.
Na 16:00 sal daar ongeveer elke 30 minute 'n bus vertrek.

Roete 1C Protea – Sakekern
Roete 1CR Sakekern – Protea

Voor 12:00 ry die bus vanaf die Protea-terminus en volg Roete 1A (deur New Dawn Park) of Roete 1B (deur Harmony Park) tot in die Sakekern (Cradockstraat). Op pad terug na Pacaltsdorp, ry die bus direk na Protea-terminus en nie deur New Dawn Park of Harmony Park nie.
Na 12:00 ry die bus vanaf die Sakekern (Cradockstraat) en volg die volledige Roete 1A deur (New Dawn Park) of 1B (deur Harmony Park) tot by die Protea-terminus. Die bus ry dan direk terug via Beachweg (en nie deur New Dawn Park of Harmony Park nie) na die Sakekern (Cradockstraat). Indien u **voor 12:00** in New Dawn Park of Harmony Park wil afklim, moet u oorklim op die eerste beskikbare bus by Protea-terminus wat na New Dawn Park of Harmony Park gaan.

Roete 1E Pacaltsdorp – George-hospitaal & George-Oos

Hierdie is 'n spesiale roete wat 04:55 in Cantleystraat begin en passasiers tot by die George-hospitaal vervoer al met Geelhoutstraat in Harmony Park via Heather deur New Dawn Park, dan via Missionstraat, Beachstraat, Yorkstraat, en CJ Langenhovenstraat. Van hier af beweeg die bus af in Davidson- en Courtenaystrate, en links in Eerstestraat om ook koshuiswerkers naby die koshuise van Hoërskool Outeniqua en Van Kervel-skool af te laai. Die bus eindig dan in die Sakekern (Cradockstraat).

Roete 60 Syferfontein - Dellville Park - Rosedale - Sakekern
Roete 60R Sakekern - Rosedale - Dellville Park - Syferfontein

Hierdie roete begin by die Battalion-bushalte naby Syferfontein; busse ry met Llama- en Infantrystrate langs deur Dellville Park, kruis Beachweg na Rosedale, waar dit kloksgewys 'n sirkelroete volg, terug in Beachweg en van daar na die sakekern ry. Syferfonteinweg is tans in 'n swak toestand, en omdat ons passasiers uit hierdie gebied wil help om so ver moontlik by ons diens te baat, versoek ons u asseblief om voorlopig by die Battalion-bushalte op te klim.

As u in Rosedale woon en Pacaltsdorp toe wil gaan, moet u enige van die busse wat met Beachweg langs terugkeer Pacaltsdorp toe, haal.

Indien u in Syferfontein woon en huis toe moet gaan van die Garden Route-winkelsentrum af, kan u 'n Roete 12-bus neem en oorklim op 'n Roete 60-bus by die Pantherstraat-kruising. Die alternatief is om 'n Roete 7-bus van die winkelsentrum af te neem tot in Cradockstraat, en daar oor te klim op 'n Roete 60-bus.

Gereeldheid van ritte op Roete 60
Weeksdae van 06:00 tot 09:00 en 15:00 tot 19:00 sal daar ongeveer elke 10 minute 'n bus vertrek. Die res van die busse sal ongeveer elke 20 tot 30 minute vertrek.
Saterdae sal daar ongeveer elke 15 minute 'n bus wees van 05:30 tot 06:00 en elke 10 minute van 06:00 tot 16:00. Na 16:00 sal busse ongeveer elke 30 minute vertrek.
Sondae sal daar ongeveer elke 15 minute 'n bus wees van 05:30 tot 08:30 en elke 20 minute van 08:30 tot 16:00. Na 16:00 sal daar ongeveer elke 30 minute 'n bus vertrek.

Roete 9 Sakekern – Industria-sirkelroete
Roete 9R Industria-sirkelroete – Sakekern

Hierdie roete begin in Sakekern (Cradockstraat) en sal dieselfde bly, maar die busse sal minder gereeld, naamlik elke 20 minute, in 'n tweerigting-sirkelroete deur die industriële gebied vertrek. Indien u in die industriële gebied werk, kan u 'n Roete 1-bus neem na Sakekern (Cradockstraat) en daar oorklim op die Roete 9-bus na die industriële gebied.

Gereeldheid van ritte op Roete 9
Op **weeksdae** en **Saterdae** sal die bus vanaf 06:00 elke 20 minute vertrek.
Die laaste rit op hierdie roete vertrek 20:00.
Op **Sondae** sal die bus vanaf 06:00 tot 20:00 elke 40 minute vertrek.

Roete 12 Pacaltsdorp - Mall
Roete 12R Mall - Pacaltsdorp

Die bus sal vanaf die Protea-terminus vertrek, met Fern- en Missionstrate langs na Beachweg ry, en dan met die N2 na die Garden Route-winkelsentrum.
Hierdie bus ry terug na die Protea-terminus langs dieselfde roete. Passasiers wat in Harmony Park bly, moet die Roete 1B-bus haal en in Beachweg oorklim en passasiers wat in New Dawn Park bly, moet die Roete 1A-bus haal en in Fernstraat oorklim. Busse vertrek elke 30 minute van 05:30 en die laaste rit op hierdie roete sal vanaf die Protea-terminus om 20:00 vertrek.

Gereeldheid van ritte op Roete 12
Op **Saterdae** sal daar vanaf 08:00 tot 17:00 elke 20 minute 'n bus vertrek en vanaf 17:00 tot 21:00 elke uur. Op **Sondae** sal 'n bus elke 30 minute tussen 08:00 en 15:00 vertrek, en al om die uur tussen 15:00 en 21:00. Indien u wil teruggaan na Pacaltsdorp, kan u ook Roetes 7 en 1A & 1B gebruik.

Roete 14 Pacaltsdorp - Industrial

Die bus vertrek vanaf die Protea-terminus, ry langs Fern- en Missionstraat tot in Beachweg, na PW Botha Boulevard, Randstraat, Binnestraat, Ringweg, Fichatstraat, Fabriekstraat, Nelson Mandela Boulevard en terug na PW Botha Boulevard op dieselfde roete. Passasiers wat in Harmony Park bly, moet die Roete 1B-bus haal en in Beachweg oorklim en passasiers wat in New Dawn Park bly, moet die Roete 1A-bus haal en in Fernstraat oorklim.
Op **weeksdae**, vertrek busse elke 30 minute vanaf 05:30 en die laaste rit op hierdie roete sal vanaf die Protea-terminus om 20:00 vertrek.
Daar sal **geen busse op Sondae** loop nie. Gebruik Roetes 9 en 1 as alternatief.

Spitstye is van 06:00 tot 09:00 en 15:00 tot 18:00.

WANNEER KAN EK DIE NUUTSTE TYDSROOSTERS EN KAARTE KRY?

Op grond van inwoners se gebruikspatrone, word daar reeds daagliks roete- en tydroosterveranderings aangebring om ons passasiers se behoeftes aan te spreek. Soos mense die stelsel meer gereeld gebruik, verander hul gebruiks- en aanvraagpatrone. Ons neem dit in ag en streef daarna om, waar moontlik, verbeterings aan te bring totdat hierdie patrone stabiliseer. Finale pamflette en opgedateerde tydsroosters en kaarte sal sodra die roetes gefinaliseer is, versprei word. Passasiers word versoek om intussen die busbestuurders of die GO GEORGE-ambassadeurs op die busse vir advies te vra rakende die nuutste aanpassings.

Busgroete!
Die GO GEORGE-span

Posbus 19, George, 6530 | T 0800 044 044 | F 086 297 9258
E info@gogeorge.org.za | W www.gogeorge.org.za
GoGeorgeZA | @GoGeorgeZA

GEORGE THE CITY FOR ALL REASONS

Western Cape Government

Ook beskikbaar in Engels op www.gogeorge.org.za



Bus Routes: Phase 3

Route 1B HARMONY PARK / EUROPE - CBD

Route 1A NEW DAWN PARK - CBD

Route 1E This route will be run for one trip starting at 05:00.

Route 9 INDUSTRIA ⇄ CBD

Route 12 PACALTSDORP - GARDEN ROUTE MALL

Route 14 PACALTSDORP - INDUSTRIA

Route 60 SYFERFONTEIN / ROSEDALE - CBD

Legend

- Bus Stop
- Transfer Point
- Terminal Point
- CBD Terminal
- Railway Line
- Bi-directional

21 May 2015